

BENODIGDHEDE: Tridalia Nr. 8 (50-g-bolle); 1 bol hoofkleur (H); 1 bol kontras-kleur (K); hekelpen van 1,25 mm of om by jou hekelwerk te pas; naaigare Nr. 50 om by materiaal te pas; Milward-naald Nr. 6; 2 middelgewig linne-agtige stof handdoeke van 60 x 90 cm.

MATE: Breedte van rand 18 cm; lengte 60 cm; afgewerkte handdoek is 60 x 107 cm.

SPANNING: 4 sps en 5 rye = 2,5 x 2,5 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); beg – begin; herh – herhaal; ls(e) – lus(se); vermeer – vermeerder; vermin – verminder.

Spasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st; om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om blk te voltooi.

RAND IN HOOFKLEUR: Begin met 63ks, draai.

1e ry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 59ks – 20blks; draai.

2e ry: Slaan 1e lb oor, 1lb in elk van vlg 3lb (blk oor blk aan beg van ry gevorm), (2ks, slaan 2lb oor, 1lb in vlg lb) 18 keer – 18sps bokant 18blks gevorm, 1lb in elk van vlg 2lb, 1lb in vlg ks (blk gevorm bokant blk aan einde van ry), 8ks, draai.

3e ry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elk van vlg 4ks, 1lb in vlg lb (2blks vermeer aan beg van ry), 1lb in elk van vlg 3lb (blk bokant blk), (2ks, 1lb in vlg lb) 3 keer (3sps bokant 3sps), (2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb) 3 keer (3sps bokant 3sps), 5sps, 1blk, 6sps, 1lb in elk van vlg 2lb, 1lb in 3e van 3ks, 3ks, draai.

4e-11e ry: Volg diagram.

12e ry: Volg diagram, maar laat draai-ks aan einde van ry weg.

13e ry: gs in elk van 1e 4 ste (1blk vermin aan beg van ry), 3ks, 1lb in elk van vlg 3lb (blk bokant blk gevorm aan beg van ry), volg diagram tot einde van ry.

14e en 15e ry: Volg diagram.


16e ry: Volg diagram tot tweede laaste st voltooi is, grh, steek pen in laaste st en trek gare deur, grh en trek deur 1 lus op pen ('n basis-ks gevorm), grh en trek deur 2lse op pen) 2 keer, *grh, steek pen in basis-ks en trek ls deur, grh en trek deur 1 ls op pen (nog 'n basis-ks gevorm), voltooi soos 'n lb; herh vanaf * nog 2 keer (1blk vermeer aan einde van ry), 8ks, draai.

17e-27e ry: Volg diagram.

Herh nog 3 keer van 2e-27e ry, maar laat 27e ry weg aan einde van laaste herhaling.

Laaste ry: Hekel 20blks en knip gare af.

Hekel randjie in kontras-kleur vir tweede handdoek op dieselfde manier. ●



GERAND

AFWERKING: Maak klam, speld uit volgens mate en laat droog word. Werk laastens die randjie met naald en gare kort kant aan handdoek vas soos op illustrasie gesien kan word.

(Model Nr. 503)

SLEUTEL TOT DIAGRAM

- – spasie
- ⊗ – blokkie

